higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1350**(A)**(J12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010024)

12 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPVOEDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Gebruik ’n swart of blou pen.
5. Laat minstens DRIE reëls oop ná elke vraag.
6. Begin elke afdeling op ’n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan van die volgende stellings WAAR van ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Private administrasie streef daarna om behoorlike wette en regulasies vir die samelewing te maak.

1.2 Suid-Afrikaners wat ten tyde van verkiesings in die buiteland woon, is nie by magte om te registreer en te stem in algemene verkiesings nie.

1.3 Die uitvoerende gesag op die provinsiale regeringsvlak berus by die kabinet.

1.4 Staatsondernemings maak deel uit van die ekonomiese aktiwiteite in ’n land en voorsien noodsaaklike dienste.

1.5 Die Grondwet maak voorsiening vir die beginsel van bestuur deur meerderheidsregering.

1.6 ’n Saak wat voor die Konstitusionele Hof dien, moet deur minstens agt regters verhoor word.

1.7 Die oppergesag van die reg beteken niemand is bo die gesag van die reg verhewe nie, behalwe die staatspresident.

1.8 ’n Staat beskik oor openbare instellings om reg en orde te handhaaf.

1.9 Die lede van die parlement word verkies deur die mense van Suid-Afrika.

1.10 Leiding, motivering, opleiding en die handhawing van dissipline maak deel uit van die organiserende funksie in ’n openbare instelling.

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies ’n item uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Berei agendas voor en skryf notules	A	tussentydse grondwet
2.2	Kleinste eenheid in ’n gemeenskap	B	demokrasie
2.3	Vryheid van denke	C	naturalisasie
2.4	Kwalifikasie om burgerskap te verkry	D	generiese administratiewe funksie
2.5	Oppergesag tydens ’n transformasie-proses	E	regterlike gesag
2.6	Wetgewende instansie	F	kabinetsekretariaat
2.7	Staatshoof	G	munisipale raad
2.8	Geregshof	H	gesin/familie
2.9	Navorsingsinstansie	I	president
2.10	Finansiering	J	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die scenario en beantwoord die vrae.

Die voormalige openbare beskermer, Thuli Madonsela, het opdrag aan die president gegee om 'n kommissie van ondersoek na staatskaping aan te stel. In die verslag is ook aanbeveel dat hoofregter Mogoeng Mogoeng moet besluit watter regter aan die hoof van die kommissie moet wees.

3.1 3.1.1 Verduidelik kortliks die funksie van 'n kommissie van ondersoek as 'n rolspeler binne die regering. (2)

3.1.2 Die president is 'n voorbeeld van 'n politieke ampsdraer binne die regering.

Verduidelik kortliks hoe politieke ampsdraers 'n belangrike rol speel in die besluitnemingsprosesse van 'n land. (2 × 2) (4)

3.1.3 Die Grondwet ken baie magte en funksies aan die staatspresident toe. Afgesien van die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek, het die president ook die mag om 'n kabinet saam te stel.

Verduidelik waarom dit belangrik is om 'n kabinet vir regering aan te stel. (3 × 2) (6)

3.1.4 Die hoofregter is die hoof van die Konstitusionele Hof.

Verduidelik kortliks waarom die rol van hoofregter in die Konstitusionele Hof belangrik is vir die regbank. (3 × 2) (6)

3.1.5 Onderskei tussen die rol van die *openbare beskermer* en die rol van *ouditeur-generaal* binne die regering. (3 + 3) (6)

3.2 Lees die scenario en beantwoord die vrae.

Ná die jongste plaaslike verkiesings in Suid-Afrika is daar ruim geleentheid vir nuutverkose burgemeesters en raadslede om werkskepping onder klein en mediumgrootte ondernemings uit te brei. Beter werksgeleenthede was deel van die verkiesingsbeloftes van baie nuutverkose burgemeesters se politieke partye. Hoewel burgemeesters nie nasionale beleid kan verander om entrepreneurskap te bevorder nie, is daar geleenthede om sekere beleide op plaaslike vlak te bevorder.

3.2.1 Verduidelik wat die doel van 'n verkiesing vir plaaslike regering is. (2)

3.2.2 Watter instansie is verantwoordelik vir verkiesings in Suid-Afrika? (2)

3.2.3 Beskryf waarom dit belangrik is om 'n burgemeester in 'n munisipaliteit te hê. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.2.4 Hoewel burgemeesters nie nasionale beleid kan verander nie, is daar geleenthede om sekere beleide op plaaslike vlak te bevorder.

Identifiseer SES aangeleenthede wat munisipaliteite in hul plaaslike area hanteer om die behoeftes van die gemeenskap te dien. (6)

[40]

VRAAG 4

Lees die scenario en beantwoord die vrae.

Suid-Afrika is 'n groot land. Om die regering in staat te stel om orde te handhaaf, bepaal die Grondwet dat die land verdeel moet word in drie vlakke van regering, nege provinsies en meer as 200 munisipaliteite. Suid-Afrika is 'n demokratiese staat, wat die verdeling van magte verseker. Dit verdeel die gesag van die regering in wetgewende, uitvoerende en regsprekende magte.

4.1 4.1.1 Verduidelik kortliks die DRIE vlakke van regering. (3 × 2) (6)

4.1.2 Identifiseer SES eienskappe wat aandui dat Suid-Afrika 'n demokratiese staat is. (6)

4.1.3 In 'n demokratiese staat is die onderliggende beginsel dat alle mag verdeel moet word tussen die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag.

.

Bespreek hoe hierdie verdeling van magte verskil vir elke gesag. (3 × 2) (6)

4.1.4 Noem die NEGE provinsies van Suid-Afrika. (9)

4.2 Om in verkiesings te kan stem moet mense as kiesers registreer. Hoewel die verkiesing van verteenwoordigers vir die burgers van 'n land 'n suiwer politieke aangeleentheid is, is daar 'n omvattende administratiewe proses betrokke by die skep van 'n kieserslys, die bepaling van 'n kieser se reg om te stem en die organisasie van die verkiesingsproses.

4.2.1 Verduidelik wie NIE mag kwalifiseer om te stem in die algemene verkiesings van Suid-Afrika nie. (4)

4.2.2 Verskillende tipes stemmateriale moet aan alle stemlokale voorsien word om onreëlmatighede te voorkom en die stemmery te beheer.

Verduidelik hoe hierdie stemmateriale 'n belangrike rol speel gedurende die stemproses. (9)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Die Grondwet is die hoogste wet in Suid-Afrika. Die Grondwet stipuleer dat 'n parlement gestig moet word en voorsien 'n duidelike raamwerk van sy verantwoordelikhede, funksies en magte.

5.1 5.1.1 Bespreek VYF eienskappe van die Grondwet om te toon watter belangrike rol hierdie wet in Suid-Afrika speel. (5 × 2) (10)

5.1.2 Verduidelik hoe die parlement sy funksies in die regering uitvoer. (6 × 2) (12)

5.1.3 Bespreek die ampstermyn van lede van die parlement soos aangedui in die Grondwet. (2 × 2) (4)

5.1.4 Die Grondwet verklaar dat 'n adjunkpresident in die regering aangestel moet word.

Verduidelik waarom die rol van die adjunkpresident belangrik is vir die regering. (5 × 2) (10)

5.2 Verduidelik hoe die provinsiale huis van tradisionele leiers 'n prominente rol speel in 'n provinsiale regering. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 6

6.1 Voltooi die volgende tabel oor die sentrale vlak van regering deur die antwoord langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Wetgewende gesag	6.1.1 6.1.2 … en Nasionale Raad van Provinsies
6.1.3	6.1.4
Administratiewe uitvoerende instellings	6.1.5 6.1.6

(6 × 1) (6)

6.2 Die Nasionale Raad van Provinsies verseker provinsiale verteenwoordiging op die hoogste vlak van regering.

Beskryf hoe die samestelling van die Nasionale Raad van Provinsies hierdie verteenwoordiging op die sentrale vlak van regering verseker. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

6.3 ’n Wet van die parlement kan voorrang geniet oor provinsiale wette.

Bespreek VIER omstandighede waar ’n wet van die parlement voorrang het bo provinsiale wette. (4 × 2) (8)

6.4 Die parlement maak wette wat munisipaliteite affekteer. Die munisipale bestuurder dwing hierdie wette en beleide af.

Beskryf VYF funksies om die belangrike rol aan te toon wat die munisipale bestuurder in ’n munisipaliteit speel. (5 × 2) (10)

6.5 Noem SES tipes hulpfunksies wat deur regeringsinstellings uitgevoer word. (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou